



Sokkies trap diep spore

Wim Pretorius

Die oefengroep van belowende atlete wat Suid-Afrika moontlik op die Internasionale Vereniging van Atletiekfederasies (IAAF) se Wêreldjeugkampioenskap vir o.18's in Kenia sal verteenwoordig, is Dinsdag deur Atletiek Suid-Afrika (ASA) aangekondig.

Die groep van 29 atlete sal nader aan die kampioenskap, wat van 12 tot 16 Julie plaasvind, uitgedun word.

Net elf van die atlete het tot dusver ASA se kwalifiserende vereistes oortref, maar volgens ASA sien hulle genoeg potensiaal in die ander 18 op die lys om hulle in die voorlopige groep in te sluit.

Op die lys van die 16 seuns en 13 meisies staan name soos Sokwakhana "Sokkies" Zazini, Breyton Poole, Ntuthuko Ndimande, Julian Bogner, Nicole Louw, Shanley Koekemoer en Zeney van der Walt uit.

Zazini het die wêreld laat regop sit toe hy die 400 m-hekkies op 17 Maart in Tuks se L.C. de Villiersstadion in 48.84 sek. afgeblits het, wat die derde vinnigste tyd in die wêreld vir atlete van alle ouder-



Sokwakhana "Sokkies" Zazini seil vroeër vanjaar oor 'n hekkie.

domme is.

Dié tyd was nie minder nie as drie sekondes vinniger as Jamaika se Jeremy Farr, wat in die tweede plek op die wêreld se jeugranglys is.

Poole het vanjaar al in die hoogspring uitgeblink en die wêreld se drie voorste hoogtes vir jeugatlete gespring.

Sy beste was 2.18 m, wat hy in Durban behaal het.

Ndimande het ook sover die vinnigste tyd (1:49.69) in die 800 m vanjaar gehardloop.

Bogner het die naasvinnigste tyd

(13.58) in die 110 m-hekkies vir sy ouderdomsgroep agter sy naam, maar is eerder ingesluit vir sy verspringvermoëns. Hy is ook in dié velditem tweede in die wêreld.

Louw is tans in die derde plek op die wêreldranglys in die 1500 m nadat sy die nommer in Durban in 4:21.44 afgeleë het.

Lyndi Roelofse, wat in die sesde plek op die ranglys is, is ook in die groep.

Koekemoer is tans in die vierde plek op die wêreldranglys in die 2000 m-hindernis, nadat sy in April dié veeleisende nommer in 6:42.68 kafgedraf het. Cara du Preez (vyfde plek) is ook in die groep.

Van der Walt is tweede op die wêreldranglys in die 400 m-hekkies. Haar tyd is 57.94 sek.

Die byeenkomste se reëls bepaal dat geen atleet mag deelneem aan meer as een nommer, uitsluitend aflosnommers, indien die atleet reeds vir die 400 m of langer afstande ingeskryf is nie.

Die gevolg is dat Zazini tussen die 400 m en die 400 m-hekkies moet kies.

Hy is derde op die jeugranglys in die 400 m met 46.20 sek.